


# 10DE MAAND REEKS

# Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

**INLEIDING:**

'n Reis van **nege weke** om te ontdek wat dit werklik beteken om te gee – nie net finansieel nie, maar van **ons tyd, ons gawes en ons besittings.** Hierdie reeks, *"Gawes wat Lewe Bring"*, neem ons stap vir stap deur die Bybelse beginsels van vrygewigheid en help ons verstaan dat gee **'n leefstyl van geloof en vertroue in God** is.

Elke week sal ons fokus op 'n spesifieke aspek van gee: van die besef dat alles wat ons het aan God behoort, tot hoe ons ons tyd, talente en finansies kan gebruik om ander te seën en die Koninkryk van God te bou. Ons sal ook weekliks **konkrete uitdagings hê,** sodat ons nie net hoor en leer nie, maar ook prakties kan leef en ervaar wat dit beteken om vrygewig te wees.

Die doel is dat ons as gemeente nie net finansieel vrygewig is nie, maar dat ons **hart, hand en lewe** geanker word in die gees van gee wat lewe bring – vir ons, vir ander en vir God se koninkryk.

Kom saam met ons op hierdie reis en ontdek hoe **julle gawes lewe kan bring** in die wêreld rondom julle.

**Verloop**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

Tree in vir mense in nood, vir die gemeente en vir mekaar.

3. **Gestuur**

Van watter stuursel sal julle groep graag meer wil weet in hierdie maand?   Stuur 'n Whatsapp na die Spanleier of leraars.

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 19 Oktober 2025
Tema: **Alles wat ons het kom van God**

de maand
GAWES wat LIG en LEWE Bring

## Skrif:

**Teks: 1 Petrus 4:7-11**

*Dien mekaar met julle gawes*

7 Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid. 8 Bo alles moet julle
mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. 9 Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla. 10 As goeie
bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander
dien. 11 As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die
gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus
Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.

**Sleutelgedagte:**

- God roep ons om ons unieke gawes en talente vir ander te gebruik. Selfs klein dinge dra lewe.

Vir ons gemeente is gasvryheid baie belangrik.
Waar dink julle as groep kan ons gemeente verbeter in terme van gasvryheid?

*Notas*

- Water gawes is daar in julle groep waarmee julle die gasvryheid in ons gemeente kan help aanvul of verbeter en God daarmee verheerlik (:11)?

*Notas*

Lees ook:

**Markus 12:41–44**

41 Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie
ryk mense het baie geld ingegooi. 42 Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee
muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. 43 Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle
gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense
wat iets in die offergawekis gegooi het. 44 Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi,
maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

Wat dink julle was die weduwee se verhouding met God en wat leer dit ons?

*Notas*

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Konkrete daad:**

- Identifiseer jou talent en gebruik dit hierdie week in diens van die kerk of gemeenskap (bv. musiek, kook, sport, raad).

**Gebed**

Here dankie dat U as Hoof van U kerk, U gemeente as deel van U liggaam met gawes toerus. Gebruik ons groep tot U Heer.

______________________________________________________________________